Dis altyd 'n belewenis om Rauch te hoor sing

Dié sangeres se musiek het 'n tydlose kwaliteit

Laurika Rauch
Breytenbach-teater, Sunnyside
Theunis Engelbrecht

WATTER byvoeglike naamwoorde kan 'n mens nóg inspan om Laurika Rauch en haar musiek mee te beskryf? Daar is al herhaaldelik gesê sy is uitstekend, fantasties, oorrompelend, meevoerend, fenomenaal, ensovoorts. En sy is so 'n uitstaande kunstenaar dat dit nooit sal verander nie.

Dit geld ook haar vertonings vandeesweek in Pretoria, waar sy 'n klomp van haar gewildste liedjies sing asook ander treffers, soos The Beatles se *Eleanor Rigby*, Jim Groce se *Time in a Bottle*, Joni Mitchell se *Both Sides Now*, Lucas Maree se *Victoriabaai* en Gerry Rafferty se *Syncopatin' Sandy*.

Boonop laat haar huidige vertonings 'n mens ook besef dit sal baie moeilik wees om ooit moeg te raak vir haar musiek – behalwe dalk vir *Kinders van die wind*, wat die gehoor op openingsaand aangedring het sy moet as toegif sing. Rauch en haar musiek het inderdaad 'n tydlose kwaliteit, en wat meer kan enige kunstenaar vra?

Rauch is begelei deur 'n indrukwekkende nuwe talent, Fanie Fouché. Hy begelei nie net nie, maar sing ook uitstekende harmonieë en maak 'n baie sterk indruk as solosanger, soos in *Your Love Stays With Me* asook in ander liedjies waarin hy saam met Rauch gesing het. Veral hul puik weergawe van Paul McCartney se *Wanderlust* gaan ongetwyfeld nog 'n groot konserttreffer word. Fouché is 'n talent wat dit nog ver gaan bring.

Christopher Torr het hom reeds herhaaldelik bewys as een van die voorste liedjieskrywers in Suid-Afrika, en daarom is dit altyd 'n vreugde om 'n nuwe komposisie van hom te hoor. *The Sycamine Song* getuig opnuut van onmiskenbare gehalte en is gewis treffermateriaal. 'n Mens is verstom deur Torr se vermoë om onvergeetlike melodieë met betekenisvolle en poëtiese lirieke op te tower.

Indien 'n mens *regtig* kritiek wil lewer – wat eintlik onnodig en onmoontlik is met soveel gehaltewerk – sal jy ver moet gaan soek. En jy kry dit dan ook in die liriek van Kalla Bremer en Don Clarke se *Die nostalgie* in die reël wat lui: "kom's drink 'n rooi glasie wyn". Met ander woorde, die glas is rooi. Dit moes seker gewees het 'n "glasie rooi wyn". Maar dis 'n nietigheidjie en eintlik totaal onbenullig, en dis seker net puntenerige taalpuriste wat deur so iets gepla sal wees.

Laurika Rauch

Hoe dit ook sy: dit is altyd 'n belewenis en voorreg om Rauch in aksie te sien. En hierdie vertoning is geen uitsondering nie.

● **Tot Saterdag.**